higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

REGSPROSEDURES EN BEWYSREG
NKR VLAK 4

(8021004)

1 Maart 2018 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae deeglik deur.
3. Nommer die vrae volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Skryf netjies en leesbaar.

FCVD

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'WAAR' of ONWAAR' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Wanneer die hof 'n boete oplê, moet hy na die finansiële posisie van die beskuldigde se ouers kyk.

1.2 Wanneer 'n skulderkenning by dagvaarding betaal word, hoef die beskuldigde nie in die hof te verskyn nie.

1.3 'n Boete kan in paaiemente betaal word, soos deur die hof op aansoek bepaal.

1.4 'n Beskuldigde het die reg om inligting te ontvang in 'n taal wat hy/sy verstaan.

1.5 Kommunikasie tussen 'n landdros en ander partye in 'n saak ken slegs in 'n oop hof plaasvind.

1.6 Daar kan geappelleer word teen waarsku en ontslaan.

1.7 Die doodstraf kan vir hoogverraad opgelê word.

1.8 Die aanklaer doen die hoofondervraging van getuies vir die verdediging.

1.9 Die slagoffer kan 'n lasbrief vir arres uitvoer.

1.10 Alle getuienis in die hof moet onder eed gelewer word.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Lees die volgende beskrywings en noem die artikel van die Strafproseswet 51 van 1977 wat daardeur gedek word. Skryf slegs die artikelnommer langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 Deursoeking moet op welvoeglike wyse uitgevoer word

2.2 Nie-aanspreeklikheid vir onregmatige/wederregtelike deursoeking

2.3 Vermoë van die beskuldigde om verrigtinge te begryp

2.4 Beskuldigde kan op waarskuwing in plaas van borgtog vrygelaat word

2.5 Oopbreek van perseel vir doeleindes van inhegtenisneming

Kopiereg voorbehou

2.6 Appèl vanaf laer hof deur beskuildigde persoon

2.7 Getuienis by kommissie

2.8 Beskuldigde weier om te pleit

2.9 Arrestasie deur private persoon sonder lasbrief

2.10 Ouer of voog van beskuldigde onder 18 moet verrigtinge bywoon

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

3.1 Noem DRIE dinge wat 'n hof by vonnisoplegging moet oorweeg. (3)

3.2 Noem TWEE vorms van hersiening. (2 × 2) (4)

3.3 Noem die getuienis wat uitgesluit word in belang daarvan om individue te beskerm. (1)

3.4 Identifiseer en noem die saak waarin die doodstraf ongrondwetlik verklaar is. (2)

[10]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 4

Lees die stelling hier onder en beantwoord dan die vrae.

Krejcir se Playboy-minnares gearresteer: Marissa Christopher, voormalige Playboy-voorbladmeise en minnares van die Tsjeggiese misdadiger, Radovan Krejcir, is Saterdag gearresteer omdat sy hom na bewering in een van sy vele ontsnappingspogings gehelp het. Die polisie soek sedert April 2016 na Christopher, toe 'n lasbrief vir haar arrestasie uitgereik is nadat sy na bewering mense betaal het om Krejcir te help om in November 2015 uit die tronk te ontsnap. Onmiddellik nadat Christopher gearresteer is, is 'n gevangenisbeampte, Hendricks Johannes Herbst ook gearresteer. Hy is daarvan beskuldig dat hy 'n selfoon in Krejcir se sel ingesmokkel het.

[Bron: *Pretoria News,* 26 Julie 2016]

4.1 Bespreek die vraag of Marissa skuldig sal wees aan enige misdryf. (8)

4.2 Bespreek die vraag of die distrikshof genoemde misdaad kan verhoor. (5)

4.3 Wie kan aansoek doen om 'n lasbrief vir arres? (3)

4.4 Verduidelik vir hoe lank die lasbrief vir arres geldig is. (4)

[20]

TOTAAL AFDELINGB: 20

AFDELING C

VRAAG 5

5.1 Getuienis mag nie verkry word op 'n wyse wat menseregte skend nie, byvoorbeeld deur middel van marteling.

Evalueer hierdie stelling op grond van die toelaatbaarheid van sodanige getuienis. (6)

5.2 Bespreek die vonnisoplegging van 'n jeugdige oortreder kragtens artikel 290(1) van die Strafproseswet 51 van 1977. (6)

5.3 Definieer *omstandigheidsgetuienis*. (2)

5.4 Noem die verweer wat verklaar dat 'n beskuldigde iewers anders was toe 'n misdaad gepleeg is. (1)

[15]

VRAAG 6

Lees die artikel hier onder en beantwoord die vrae.

Enige bekentenis wat ingevolge artikel 217(1) van die Strafproseswet 51 van 1977 ontoelaatbaar is teen 'n persoon wat dit gemaak het, is ontoelaatbaar teen daardie persoon.

6.1 Bespreek die toelaatbaarheid van sodanige getuienis. (3)

6.2 Verduidelik die minimum voorwaardes vir aanhouding kragtens artikel 35(5)(2)(e) van die Grondwet, 1996. (6)

6.3 Bespreek die gevolg daarvan as 'n beskuldigde op borgtog versuim om in die hof te verskyn. (6)

[15]

TOTAAL AFDELING C: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING D

VRAAG 7

7.1 Bespreek die omstandighede waarin 'n polisiebeampte 'n deursoeking sonder 'n lasbrief vir deursoeking mag uitvoer. (8)

7.2 Lees die stelling hier onder en beantwoord die vraag.

> Die belang van geregtigheid laat nie toe dat 'n beskuldigde uit aanhouding vrygelaat word wanneer een of meer van die gronde genoem in artikel 60(4) van die Strafproseswet 51 van 1977 vasgestel is nie. Een van die gronde is dat indien die beskuldigde op borgtog vrygelaat sou word, hy/sy sal probeer om getuies te beïnvloed of te intimideer of om getuienis te verberg of te vernietig.

Bespreek watter faktore die hof moet oorweeg wanneer hy besluit oor die waarskynlikheid dat 'n beskuldigde, indien hy/sy op borgtog vrygelaat sou word, sal probeer om getuies te beïnvloed of te intimideer of om getuienis te verberg of te vernietig. (12)
[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou